Kinders-wat-bid: Bybels orals asseblief, Here!

Stel vir jou voor 'n lewe sonder 'n Bybel. Hoe sou jy ooit die verhaal van Jesus se liefde en **vergifnis** geken het? Hoe sou jy geweet het wat die Here wil hê jy moet doen? Hoe sou jy van gebed geweet het? Die Bybel is soos 'n lig wat vir ons die pad deur die lewe wys. Maar ongeveer 400 miljoen mense het nie die Bybel in hulle eie taal nie. Die meeste van hierdie mense is kinders. Baie tale het nie eers 'n vertaling van een Bybelversie nie. Dit is omdat sommige tale nie 'n alfabet het nie. As daar geen alfabet is nie, is daar geen geskrewe woorde nie. En as daar geen geskrewe woorde is nie, is daar geen Bybel nie. Die goeie nuus is dat honderde mense oor die wêreld werk as Bybelvertalers. Hulle vat die Woord en gedagtes van die Bybel en skryf dit oor in die woorde van 'n ander taal. Sommige vertalers is sendelinge wat na ver lande toe gaan om daar saam met die mense te leef, hulle taal te leer en te help met Bybelvertaling. Wil jy nie daaraan dink om van Maandag tot Vrydag vir die volgende sake te bid nie?

Vra jou ouers om vir jou 'n groot wêreldkaart te kry. Kyk of jy Indië, Sjina en Afrika kan vind. Elke aand of enige tyd as jy onthou, sit jou hand op hierdie lande en bid vir elke persoon wat daar woon om die Here Jesus te leer ken en sy eie Bybel te kry.

1. **Begrip:** Here, ek vra dat U Gees van wysheid en insig op die Bybelvertalers sal rus sodat hulle hul werk goed sal kan doen (**Jesaja 11:2, Spreuke 2:6**).

2. **Beskerming:** Vader, beskerm asseblief die Bybelvertalers teen gevare en siektes. Verlos hulle van die bose wat hulle kwaad wil aandoen (**Psalm 16:1, Spreuke 18:10, 2 Korinthiërs 11:26**).

3. **Verspreiding:** Vader, mag elke persoon wat nie 'n Bybel het nie, gou sy eie Bybel kry om te lees en gee dat hulle wat nie kan lees nie, na die Bybel sal kan luister op CD of kasset.

4. **Werkers:** Stuur mense wat die Bybel vir hulle wat U nie ken nie, kan vertaal, want hulle kan nie in iemand glo van wie hulle nog nooit gehoor het nie (**Romeine 10:14,17**).

5. **Dank:** Vergewe my dat ek die Bybel wat ek het as vanselfsprekend aanvaar en dat ek nie my Bybel genoeg lees nie en dat ek nie bly genoeg is oor U Woord nie – dit is meer werd as goud (**Psalm 119:14,72**).